STAATSDIENSKOMMISSIE

JAARVERSLAG VIR BURGERS VIR DIE ***2012/13***-BOEKJAAR

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1. WIE ONS IS 1

2. WAT ONS DOEN 1

3. WIE IN BEHEER IS 3

4. ONS STANDAARDE, HOE ONS DAARAAN VOLDOEN EN RESULTATE BEREIK. 4

5. HOE ONS BEOOG OM ONS DIENSTE TE VERBETER 13

6. ORGANISASIE EN PERSONEEL 13

7. BEGROTING 14

8. KONTAKBESONDERHEDE 14

9. WAAR ONS IS 15

1. WIE ONS IS

Die Staatsdienskommissie (SDK of "die Kommissie") is ingestel ingevolge artikel 196 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet"). Die Grondwet bepaal dat daar een SDK vir die Republiek van Suid-Afrika is, wat bestaan uit veertien lede, waarvan vyf deur die President op aanbeveling van die Nasionale Vergadering aangestel word. Een lid word uit elk van die nege provinsies aangestel ná benoeming deur die Premier van die provinsie op aanbeveling van 'n komitee van die provinsiale wetgewer. Die lede word kommissarisse genoem. Vyf van die kommissarisse is gesetel in die SDK se hoofkantoor in Pretoria, terwyl die oorblywende nege in hul onderskeie provinsies gesetel is. 'n Kommissaris word vir 'n termyn van vyf jaar aangestel, welke aanstelling vir 'n verdere termyn hernubaar is. Die SDK word gelei deur 'n voorsitter wat die uitvoerende hoof is. Die voorsitter word deur die President aangestel uit die geledere van die benoemde kommissarisse.

Die Kommissie is teenoor die Nasionale Vergadering verantwoordingspligtig en doen jaarliks aan hom verslag ten opsigte van sy bedrywighede en werksaamhede, en, ten opsigte van sy bedrywighede in 'n provinsie, aan die wetgewer van daardie provinsie.

Die SDK word gesteun deur die Kantoor van die Staatsdienskommissie (KSDK) met sy hoofkantoor in Pretoria en provinsiale kantore in elke provinsie. 'n Direkteur-generaal, wat ook die rekenpligtige beampte is, staan aan die hoof van die KSDK. Die KSDK se personeel word ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), aangestel.

Visie

'n Kampvegter vir uitnemendheid in openbare administrasie in die demokratiese regering in Suid-Afrika.

Missie

Om die demokratiese beginsels en waardes van die Staatsdiens, wat grondwetlik verskans is, te bevorder deur openbare administrasie te ondersoek, na te vors, te moniteer, te evalueer, en daaroor te kommunikeer en verslag te doen.

2. WAT ONS DOEN

Die SDK ontleen sy mandaat aan artikels 195 en 196 van die Grondwet. Artikel 195 meld die waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers en wat deur die SDK bevorder moet word.

Hierdie waardes en beginsels is soos volg:

a. 'n Hoë standaard van beroepsetiek;
b. die voordelige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne;
c. 'n ontwikkelingsgerigte openbare administrasie;
d. die lewering van dienste op 'n onpartydige, regverdige en billike grondslag, sonder vooroordeel;
e. die gee van aandag aan mense se behoeftes en aanmoediging van die publiek om aan beleidsvorming deel te neem;
f. verantwoordingspligtige openbare administrasie;
g. die bevordering van deursigtigheid;
h. die ontwikkeling van bekwame mensehulpbronbestuur en geskikte loopbaanontwikkelingspraktyke; en
i. 'n verteenwoordigende openbare administrasie met indiensnemings- en personeelbestuurspraktyke wat gebaseer is op vermoë, objektiwiteit, billikheid en die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel.

Ingevolge artikel 196(4) van die Grondwet is die SDK se funksies en bevoegdhede om-

a. die waardes en beginsels wat in artikel 195 uiteengesit is regdeur die Staatsdiens te bevorder;
b. die organisasie en administrasie en die personeelpraktyke van die Staatsdiens te ondersoek, te moniteer en te evalueer;
c. maatreëls voor te stel om doeltreffende en bevoegde werkverrigting in die Staatsdiens te verseker;
d. lasgewings uit te reik wat daarop gemik is om te verseker dat personeelprosedures met betrekking tot werwing, oorplasing, bevordering en ontslag voldoen aan die waardes en beginsels in artikel 195 uiteengesit;
e. verslag te doen ten opsigte van sy bedrywighede en die verrigting van sy funksies, met inbegrip van enige bevinding wat hy mag maak, lasgewings wat hy mag uitreik en advies wat hy mag gee, en om 'n evaluering te verskaf van die mate waarin daar voldoen word aan die waardes en beginsels in artikel 195 uiteengesit;
f. hetsy uit eie beweging hetsy na ontvangs van 'n klag-
    i. die toepassing van personeel- en openbareadministrasiepraktyke te ondersoek en te evalueer, en aan die toepaslike uitvoerende gesag en wetgewer verslag te doen;
    ii. ondersoek in te stel na die griewe van werknemers in die Staatsdiens oor amptelike handelinge of versuime, en gepaste regstellings aan te beveel;
    iii. die nakoming van toepaslike prosedures in die Staatsdiens te moniteer en te ondersoek; en
    iv. nasionale en provinsiale staatsorgane van raad te dien oor personeelpraktyke in die Staatsdiens, ook daardie wat verband hou met die

werwing, aanstelling, oorplasing en ontslag, en ander aspekte van die loopbane van werknemers in die Staatsdiens; en

g. die bykomende bevoegdhede en werksaamhede uit te oefen en te verrig wat deur 'n Wet of die Parlement voorgeskryf word.

Die werkstruktuur van die SDK bestaan uit die volgende ses sleutelprestasieareas:

- Verbetering van arbeidsverhoudinge
- Leierskap- en mensehulpbronoorsigte
- Bestuursmonitering
- Evaluering van dienslewering en nakoming
- Ondersoeke na openbare administrasie
- Beroepsetiek.

Hierdie areas word gegroepeer in die volgende lynfunksietakke, ook Korporatiewe Dienste:

a. Die **Tak: Leierskap en Bestuurspraktyke** is verantwoordelik vir die bevordering van Staatsdiensleierskap, mensehulpbronbestuur en arbeidsverhoudinge en -praktyke.

b. Die **Tak: Monitering en Evaluering** is verantwoordelik vir die daarstelling van 'n hoë standaard van dienslewering, monitering en bekwame bestuur in die Staatsdiens.

c. Die **Tak: Integriteit en Teenkorrupsie** is verantwoordelik vir die doen van ondersoeke na openbare administrasie, die bevordering van 'n hoë standaard van etiese beroepsgedrag by staatsamptenare en die lewering van 'n bydrae tot die voorkoming en bekamping van korrupsie.

d. Die **Tak: Korporatiewe Dienste** is verantwoordelik vir die algemene bestuur van die SDK en bied gesentraliseerde steundienste.

3. WIE IN BEHEER IS

Mnr. Ben Mthembu, die SDK-voorsitter, is ingevolge die Staatsdienswet, 1994, ook die uitvoerende gesag.

Die Direkteur-generaal van die KSDK, prof. Richard Levin, is ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), ook die rekenpligtige beampte.

4. ONS STANDAARDE, HOE ONS DAARAAN VOLDOEN EN RESULTATE BEREIK

Die SDK se Diensleweringverbeteringsplan vir die 2012/13-boekjaar was teen 31 Maart 2013 nog nie goedgekeur nie vanweë veranderinge in verslagdoeningsvereistes en die wesenlike veranderinge wat die plan tydens werkwinkels ondergaan het. As gevolg hiervan is die Diensleweringverbeteringsplan vir die 2011/12-boekjaar wat op die SDK se webtuiste (**www.psc.gov.za**) verkrygbaar is, steeds geldig. **Tabel 1** hieronder weerspieël die komponente van die plan en vordering wat met die uitvoering daarvan gemaak is.

Tabel 1: Hoofdienste verskaf en standaarde

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
Doen van navorsing oor kwessies van arbeidsverhoudinge, en ondersoeke na griewe van staatsamptenare	Staatsdepartemente	Staatsdepartemente	Verslag met bevindinge en aanbevelings afgehandel 80% van alle griewe wat verwys is afgehandel binne drie maande vanaf die datum van ontvangs van alle toepaslike dokumentasie	Twee tegniese voorligtings is onderskeidelik in Augustus 2012 en Maart 2013 goedgekeur en aan die Minister van Staatsdiens en Administrasie voorgelê. 'n Feitestaat oor griewe is in Desember 2012 goedgekeur. Die Derde Tweejaarlikse Arbeidsverhoudinge-konferensie is uitgestel na die 2013/14-boekjaar. 11 werkwinkels is gehou en 'n verslag is in Desember 2012 vir kennisname opgestel en ingedien. Die SDK het 727 griewe ontvang waarvan 377 (52%) afgehandel of om verskeie redes gesluit is. 'n Totaal van 350 (48%) gevalle is hangende weens onvolledige inligting deur die departemente verskaf.
Verbetering en bevordering van staatsdiensleierskap	Die Presidensie Staatsdepartemente Akademie Nieregeringsorganisasies (NRO's) Provinsiale Uitvoerende Rade	Plaaslike regering (Munisipaliteite)	Verslag met bevindinge en aanbevelings afgehandel	Die gevolg van die omsetkoers van departementshoofde (DH's) op die prestasie van departemente is beoordeel en die konsepverslag is in Junie 2012 afgehandel. Die doeltreffendheid van leierskap in die Staatsdiens om voortdurende gekwalifiseerde oudits in geselekteerde departemente en munisipaliteite aan te pak, is beraam. Die verslag daaroor is in Junie 2012 deur die KSDK afgehandel.
Verbetering van mensehulpbron-praktyke in die Staatsdiens deur die skryf van navorsingsverslae met aanbevelings	Uitvoerende gesag Staatsdepartemente Wetgewers	Plaaslike regering (Munisipaliteite)	Verslag/feitestaat met bevindinge en aanbevelings opgestel	11 tafelrondes is afgehandel in plaas van die twee wat oorspronklik beplan is. Weens die uitbreiding van die bestek van projekte en uitdagings in die beplanning van onderhoude met belanghebbendes, is projekte betreffende hindernisse vir die vul van poste in die Staatsdiens, die aanstelling van ministeriële personeel en die beoordeling van die uitvoering van die Departement van Staatsdiens en Administrasie se Mensehulpbronraamwerk en die Nasionale Tesourie se Finansiëleregulasieraamwerk tot Augustus 2013 verleng.

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
				Bykomende navorsing word onderneem vir die verslag oor die prestasiemonitering- en ontwikkelingstelsel vir Vlakke 2 tot 12 om die bevindinge van die verslag te versterk.
Monitering van die prestasiebestuur van DH's	Die Presidensie Staatsdepartemente Akademie NRO's Provinsiale Uitvoerende Rade	Plaaslike regering (Munisipaliteite)	Kwalifiserende DH's wie se dokumente vir evaluering aan die SDK verskaf is DH's se prestasie-ooreenkomste gemoniteer en geëvalueer	Die Kabinet het 'n kabinetsmemorandum van die Minister van Staatsdiens en Administrasie aangeneem en goedgekeur wat 'n plan voorstel vir die afhandeling van die evaluering van DH's vir die 2010/11- en 2011/12-evalueringsiklusse. 'n Gids met riglyne vir die afhandeling van agterstallige evaluerings is opgestel om DH's en die uitvoerende gesag by te staan met die proses soos dit in die Kabinetsbesluit uiteengesit word. 25 DH's is vir die 2010/11- prestasiesiklus en 20 vir die 2011/12-prestasiesiklus geëvalueer. Die SDK is tans besig om die evaluerings af te handel van die DH's wat hul evaluasiedokumente vir die 2010/11- en 2011/12-boekjare ingedien het. 85% van DH's het hul prestasie-ooreenkomste teen 31 Maart 2013 by die SDK ingedien. Die gehalte is verseker van al die prestasie-ooreenkomste wat ontvang is, en die uitvoerende gesag en die DH's wat die prestasie-ooreenkomste ingedien het, is van raad bedien. 'n Feitestaat oor die invul van die prestasie-ooreenkomste is in September 2012 goedgekeur en aan al die tersaaklike belanghebbendes gestuur.
Evaluering van departemente teenoor die waardes vermeld in artikel 195 van die Grondwet	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Kwantiteit Verslae met bevindinge en aanbevelings afgehandel	17 verslae is opgestel oor die bevindinge van die evaluering van departemente se nakoming van die grondwetlike beginsels van openbare administrasie.
Evaluering van die stand van die Staatsdiens	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein	Verslag met bevindinge en aanbevelings afgehandel	'n Voorstel is gemaak oor die stapsgewyse uitvoering van die Parlement se besluite van 15 November 2011 ten opsigte van die 2010-verslag oor die Stand van die Staatsdiens.

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
	(akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	(akademici, burgerlike samelewings-organisasies)		
Evaluering van die sukses van geïdentifiseerde regeringsprogramme	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Verslae met bevindinge en aanbevelings afgehandel	'n Verslag is opgestel oor die evaluering van die Nasionale Jeugdiensprogram.
Evaluering van dienslewering	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Kwantiteit Verslae met bevindinge en aanbevelings afgehandel	Twee uitsette wat vloei uit ondersoeke wat in die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling gedoen is, wat toegespits is op die agterstand van sake by streekhowe, is deur die SDK goedgekeur, te wete: • 'n Tegniese voorligting wat 'n hoëvlakse oorsig bied op die bevindinge; en • 'n Gekonsolideerde verslag wat 'n breedvoerige aanbieding bevat van die bevindinge en aanbevelings ten opsigte van al die streekhowe wat ondersoek is. Ander ondersoeke gedoen en verslae goedgekeur is: • 1 verslag oor ondersoeke wat by polisiestasies in die Oos-Kaap gedoen is, wat toegespits is op die beskikbaarheid van water, sanitasie en elektrisiteit. • 3 verslae oor ondersoeke in die Departement van Basiese Onderwys ten opsigte van toegang tot onderwys, wat toegespits is op die beskikbaarheid van infrastruktuur vir kinders vir die oorsteek van riviere in landelike gebiede in die provinsies KwaZulu-Natal en Limpopo. 'n Verslag oor die Burgerforum-instrumentstel wat by die Ermelo-

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
				munisipaliteit toegepas is, is goedgekeur.
Voorstel van maatreëls om doeltreffende en voordelige prestasie in die Staatsdiens te verseker	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Parlement Provinsiale wetgewers Openbare domein (akademici, burgerlike samelewings-organisasies)	Verslag met bevindinge en aanbevelings afgehandel	'n Verslag oor 'n burgertevredenheidsopname wat op grond van die hoofdryfvere van burgertevredenheid uitgevoer is, is goedgekeur. 'n Verslag is goedgekeur oor die beoordeling van die Kwalifikasieverifiëringsprosedure wat in departemente en munisipaliteite toegepas word. Sewe openbare verhore is gehou in plaas van die vier wat oorspronklik beplan is.
			Gehalte	Die SDK het die meeste van sy uitsette behaal in sy strewe na voortgesette verbetering op projekbestuurstandaarde en 'n vermindering in navorsingstyd. Sy navorsingsbevindinge laat die lig val op die belangrikste beletsels vir openbare dienslewering en lê nadruk op die behoefte aan gekoördineerde en geïntegreerde meganismes om 'n doeltreffende en voordelige Staatsdiens ooreenkomstig sy grondwetlike mandaat te verseker.
			Oorlegpleging	Ooreenkomstig die grondwetlike opdrag om openbare deelname te verseker, terugvoering te gee op sy navorsingswerk en oor sy werksaamhede verslag te doen, het die SDK tydens en by afhandeling van sy projekte 'n sterk betrokkenheid by sy navorsingsbevindinge en aanbevelings aangemoedig. Openbare verhore is gebruik om met al die tersaaklike belanghebbendes oorleg te pleeg in sy strewe om departemente se pogings te verbeter om diensverskaffers betyds te betaal en te verseker dat klein-, medium- en makrobesighede gesteun word.
Uitvoer van oudits en ondersoeke na openbare-administrasie-praktyke	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Portefeuljekomitees Provinsiale wetgewers Akademici NRO's	Staatsdepartemente Uitvoerende gesag Portefeuljekomitees Provinsiale wetgewers Akademici NRO's	80% van ondersoeke afgehandel binne drie maande na die datum van ontvangs van alle dokumente	42,4% van ondersoeke is afgehandel binne drie maande van die datum van ontvangs van alle dokumente. Die gemiddelde tyd vir die afhandeling van ondersoeke was 4,6 maande.
Feitestaat oor finansiële wangedrag in die 2011/12-boekjaar			Goedkeuring teen Februarie 2013	Verslag goedgekeur in Maart 2013
Tafelronde-			Aanbieding teen Maart 2013	'n Tafelrondebespreking oor finansiële wangedrag is in Februarie 2013

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
bespreking gehou				deur die SDK aangebied.
Vestiging van 'n kultuur van beroepsgedrag in die Staatsdiens	Uitvoerende gesag Staatsdepartemente Wetgewers Klaers	Uitvoerende gesag Staatsdepartemente Wetgewers Klaers	Verskaffing van professionele sekretariële steun aan die Nasionale Teenkorrupsieforum (NTKF)	Sekretariële dienste is aan die NTKF verskaf. Die NTKF se uitvoerende komitee het twee keer vergader. Die Vierde NTKF-beraad is suksesvol gehou. 'n Oorsigverslag oor die NTKF is opgestel. Nasionale en provinsiale departemente het 'n nakomingskoers van 89% bereik ten opsigte van die finansiële openbaarmakingsraamwerk.
			Bestuur van die mate van nakoming van die finansiële openbaarmakingsraamwerk deur lede van die senior bestuur (SMS)	Die SDK het 89% van die vorms vir finansiële openbaarmaking goed deurkyk en uitvoerende owerhede van raad bedien oor potensiële belangebotsings binne hul departemente.
			Bestuur van die nasionale teenkorrupsieblitslyn	Ingevolge die nasionale teenkorrupsieblitslyn is 1 963 gevalle van korrupsie ooreenkomstig die ooreengekome protokolle na departemente verwys. 2 202 amptenare is skuldig bevind aan wangedrag wat verband hou met korrupte werksaamhede tussen 1 September 2004 en 31 Maart 2013. 'n Webontsperstelsel vir die NTKF is in vier departemente en een provinsie geïnstalleer. Verrassingsbesoeke is in Junie 2012 gebring aan al die departemente in die Vrystaat, en in November 2012 aan dié in Noordwes en die Wes-Kaap. 'n Verrassingsoudit is in Oktober 2012 by die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (Sassa) uitgevoer om die koers van terugvoering te verbeter en gevalle van beweerde korrupsie wat by die NTKF aangemeld is, af te handel. 'n Feiteblad is opgestel oor die bestuur van klagte wat ingedien is.
			Suksesvolle aanbieding van	Werkwinkels oor die bevordering van die teenkorrupsieblitslyn is in

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
			werkwinkels en verslagdoening oor verrigtinge Bewustheid van beroepsetiek en die veldtog teen korrupsie	November 2012 in Noordwes gehou. Vyf werkwinkels is gehou om die Staatsdiens se Gedragskode te bevorder. 'n Verslag is opgestel oor die stand van beroepsetiek in die Oos-Kaap. 'n Vergelykende studie oor die finansiële openbaarmakingsraamwerk is gedoen.
Bekwame finansiële bestuur	Kommissarisse KSDK-personeel Diensverskaffers Ouditeur-generaal Nasionale Tesourie Staatsdepartemente	Kommissarisse KSDK-personeel Diensverskaffers Ouditeur-generaal Nasionale Tesourie Staatsdepartemente	Monitering van besteding en die aanwending van die begroting binne die begrotingstoewysing	Die uitkoms van die oudit vir die 2012/13-boekjaar is nog nie bekend nie. 'n Skoon oudit is vir die 2011/12-boekjaar ontvang. Begrotingskomiteevergaderings is maandeliks gehou.
Voorsiening van kommunikasie- en inligtingbystand deur onder meer die bemarking van die werk van die SDK deur mediaveldtogte en uitstallings	Kommissarisse KSDK-personeel	Kommissarisse KSDK-personeel	Media-aktiwiteite aangebied oor geselekteerde gepubliseerde SDK-verslae	Die werk van die SDK is bemark deur openbare verhore, tafelrondes en werkwinkels. Voorts is media-onderhoude vir Kommissarisse gereël.

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
Bestuur, instandhouding en doeltreffende aanwending van die oorhoofse inligtings-tegnologie (IT)-infrastruktuur, -stelsels en -dienste	Kommissarisse KSDK-personeel	Kommissarisse KSDK-personeel	IT-bedrywighede uitgevoer ooreenkomstig IT-beleide en goeie praktyke	Die bedieners in die datasentrum is suksesvol gekonsolideer deur gebruikmaking van die VMware-tegnologie. Die Exchange-bediener is opgradeer na Microsoft Exchange 2010, sodat amptenare regstreeks via die Internet toegang tot e-posse kan verkry. Die aktiewegids-sagteware ["Active Directory (AD) software"] wat gebruik word om gebruikers op die netwerk te bestuur, is van die 2003- tot die 2012-weergawe opgradeer. 'n Interaktiewe aanlynforum ('n blog vir kommissarisse) is vir kommissarisse ontwikkel. 'n IT-bestuursraamwerk vir die SDK is ontwikkel. Die personeel se vlak van bewustheid van IT-veiligheidskwessies is verhoog.
Werwing en indienshouding van bekwame personeel om dienslewering in die KSDK te verseker	Werknemers Begunstigdes Benoemdes Program-bestuurders	Werknemers Begunstigdes Benoemdes Program-bestuurders	Werwing en keuring gedoen ooreenkomstig die beleid oor werwing en keuring	Die Implementeringsverslag oor die Mensehulpbronplan vir die 2011/12-boekjaar is in September 2012 opgestel en by die Departement van Staatsdiens en Administrasie ingedien. Sommige vakatures is tydig gevul in 2012/13, met 'n 1,2%-verhoging in die vul van poste op senior bestuursvlak. Vroue verteenwoordig 48,2% van die totale getal senior bestuurslede. Die getal vroulike personeellede het van 118 in Maart 2012 verhoog tot 133 in Maart 2013. Die SDK het vyf mense met gestremdhede in diens, wat 2,04% van die totale werkmag verteenwoordig.
Verantwoordbare voorsieningsketting-bestuur (VKB) Verbeterde eiendomsbestuur	Kommissarisse KSDK-personeel Diensverskaffers Ander staatsdepartemente	Kommissarisse KSDK-personeel Diensverskaffers Ander staatsdepartemente	VKB-bedrywighede uitgevoer ooreenkomstig VKB-voorskrifte Eiendomsverhuring gedoen ingevolge die Wet op die Bestuur van Onroerende	Verkryging van goedere en dienste is ooreenkomstig VKB-voorskrifte uitgevoer. Die verkryging van kantoorakkommodasie is uitgevoer voor die huurooreenkomsverstryking.

Hoofdienste	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaard	Werklike prestasie teenoor standaard
Doeltreffende en voordelige veiligheidsbestuur			Regeringsbates, 2007 (Wet No. 19 van 2007) (die "Giama-wet"), en norme en standaarde Veiligheidsbestuur uitgevoer ingevolge die tersaaklike veiligheidsvoorskrifte	Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het veiligheidsoudits by drie provinsiale kantore uitgevoer. Die Staatsveiligheidsagentskap het 'n pirotegniese bewaking van die Wes-Kaapse provinsiale kantoor en die parlementêre kantoor uitgevoer. Die veiligheidsdienste van die KSDK het fisiese veiligheidsberamings by drie provinsiale kantore gedoen. Nuut aangestelde amptenare het by aanstelling opleiding ontvang in veiligheid.

5. HOE ONS BEOOG OM ONS DIENSTE TE VERBETER

Die SDK gebruik sy Diensleweringverbeteringsplan vir die 2011/12-boekjaar terwyl hy wag op goedkeuring van sy Diensleweringverbeteringsplan vir die 2012/13-boekjaar, wat dan 'n tydperk van drie jaar dek. Ingevolge die Tesourieregulasies word daar van die rekenpligtige beampte van 'n instelling vereis om 'n strategiese plan vir die volgende mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR), asook 'n jaarlikse prestasieplan, op te stel. Die SDK se strategiese plan vir die boekjare 2013/14 tot 2017/18 is opgestel en weerspieël die oogmerke en doelwitte van die strategiese uitkomste wat die SDK oor die MTBR-tydperk wil bereik. Die SDK se prestasieplan vir die 2013/14-boekjaar is ook opgestel en bied 'n oorsig van die SDK se begroting, die MTBR-beramings en die strategiese doelwitte van die SDK.

Afskrifte van die Diensleweringverbeteringsplan, die Strategiese Plan en die Jaarlikse Prestasieplan is op versoek verkrygbaar by die Direkteur: Kommunikasie- en Inligtingsdienste, mnr. Humphrey Ramafoko. Sy kontakbesonderhede is soos volg: Tel.: 012 352 1196; e-pos: humphreyr@opsc.gov.za. Die dokumente is ook op die SDK se webtuiste, **www.psc.gov.za**, verkrygbaar.

6. ORGANISASIE EN PERSONEEL

Die SDK het 'n personeelkorps van 245, wat die kommissarisse insluit. **Tabel 2** hieronder weerspieël die totale getal poste wat teen 31 Maart 2013 gevul is ooreenkomstig ligging.

Tabel 2: Personeeluiteensetting ooreenkomstig ligging

Ligging	Getal personeel
Oos-Kaapse Provinsiale Kantoor - King William's Town	7
Vrystaatse Provinsiale Kantoor - Bloemfontein	7
Gautengse Provinsiale Kantoor - Johannesburg	8
Hoofkantoor - Pretoria	179
KwaZulu-Natalse Provinsiale Kantoor - Pietermaritzburg	6
Provinsiale Kantoor Limpopo - Polokwane	7
Provinsiale Kantoor Mpumalanga - Nelspruit	7
Noord-Kaapse Provinsiale Kantoor - Kimberley	7
Provinsiale Kantoor Noordwes - Mmabatho	7
Parlementêre Kantoor - Kaapstad	3
Wes-Kaapse Provinsiale Kantoor - Kaapstad	7
TOTAAL	**245**

Tabel 3 gee 'n uiteensetting van die totale getal werknemers (ook werknemers met gestremdhede) volgens ras en geslag in elk van die volgende beroepskategorieë.

Tabel 3: Totale getal werknemers (ook werknemers met gestremdhede) in elk van die beroepskategorieë soos op 31 Maart 2013

Beroeps-kategorieë (SASCO)	Manlik				Vroulik				Totaal
	Swart	Kleurling	Indiër	Wit	Swart	Kleurling	Indiër	Wit	
Senior bestuurders	20	3	2	4	20	2	1	4	56
Middel-bestuurders	32	1	1	7	28	2	2	5	78
Administratief/ klerke	23	1	0	0	38	2	3	1	68
Dienste en verkope, permanent	17	0	0	0	19	2	0	0	38
Elementêre beroepe	1	0	0	0	4	0	0	0	5
TOTAAL	**93**	**5**	**3**	**11**	**109**	**8**	**6**	**10**	**245**
Werknemers met gestremdhede	**2**	**0**	**0**	**1**	**1**	**0**	**0**	**0**	**4**

Bykomende inligting

Sommige SDK-personeellede is bedrewe in twee of meer van die 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale, te wete Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda en Xitsonga.

7. BEGROTING

Die SDK het vir die 2012/13-boekjaar 'n totale begroting van R162 117 000 ontvang. **Tabel 4** hieronder gee 'n uiteensetting van hoe die begroting bestee is.

Tabel 4: Uiteensetting van werklike besteding

Item	Werklike besteding
Program 1: Administrasie	R85 150 000
Program 2: Leierskap- en bestuurspraktyke	R24 793 000
Program 3: Monitering en evaluering	R22 234 000
Program 4: Integriteit en teenkorrupsie	R29 899 000
Totale besteding vir programme	**R162 076 000**
Personeelsalarisse	R111 863 000
Opleiding	R963 803

8. KONTAKBESONDERHEDE

Vir meer inligting, kontak:
Prof Richard M Levin
Direkteur-generaal: KSDK
Tel: 012 352 1011
Faks: 012 325 8322
Posadres: Privaat Sak X121, Pretoria, 0001
E-pos: richardl@opsc.gov.za

Afskrifte van alle gepubliseerde SDK-verslae is by die SDK se hoofkantoor en provinsiale kantore verkrygbaar. Die verslae is ook beskikbaar op die SDK se webtuiste, **www.psc.gov.za**.

9. WAAR ONS IS

HOOFKANTOOR

Voorsitter: Mnr. Ben Mthembu
Direkteur-generaal: Prof. Richard M Levin
Commission House
H/v Hamilton- & Ziervogelstraat
PRETORIA
0083
Tel.: 012 352 1000
Faks: 012 325 8382

PARLEMENTÊRE KANTOOR

Parlementêre beampte: Me. Noziphiwo Gwaza
21ste Verdieping
Sanlam se Goue Akker-gebou
Adderleystraat
KAAPSTAD
8001
Tel.: 021 418 4940
Faks: 021 418 1362

PROVINSIALE STREEKKANTORE

Oos-Kaap
Kommissaris: Mnr. Singata Mafanya
Provinsiale direkteur: Mnr. Loyiso Mgengo
Alexanderweg 91
KING WILLIAM'S TOWN
5601
Tel.: 043 643 4704
Faks: 043 642 1371

Gauteng
Kommissaris: Mnr. Michael Seloane
Provinsiale direkteur: Me. Dorothy Nkwanyana
16de Verdieping, Ten Sixty-Six-gebou
Pritchardstraat 35
JOHANNESBURG
2001
Tel.: 011 833 5721
Faks: 011 834 1200

Vrystaat
Kommissaris: Mnr. Paul Helepi
Wnd. provinsiale direkteur: Mnr. Matela Mohale
3de Verdieping, Fedsuregebou 62
St Andrewsstraat
BLOEMFONTEIN
9301
Tel.: 051 448 8696
Faks: 051 448 4135

Wes-Kaap
Kommissaris: Dr Gavin Woods
Provinsiale direkteur: Mnr. Paul Rockman
21ste Verdieping,
Sanlam se Goue Akker-gebou
Adderleystraat
KAAPSTAD
8001
Tel.: 021 421 3980

Faks 021 421 4060

Noordwes
Kommissaris: Me. Mosa Sejosingoe
Provinsiale direkteur: Me. Thato Mohapi
Grondverdieping
Mmabatho-poskantoorgebou
Universiteitsweg
MMABATHO
2735
Tel.: 018 384 1000
Faks: 018 384 1012

Limpopo
Kommissaris: Mnr. Matome Mawasha
Provinsiale direkteur: Me. Thembekile Makhubele
Kirk Patrick-gebou
Schoemanstraat 40
POLOKWANE
0699
Tel.: 015-291-4783
Faks: 015-291-4683

Mpumalanga
Kommissaris: Mnr. David Mkhwanazi
Wnd. provinsiale direkteur: Mnr. Barney Mavimbela
Russelstraat 19
NELSPRUIT
1200
Tel.: 013 755 4070
Faks: 013 752 5814

KwaZulu-Natal
Adjunkvoorsitter en
Kommissaris: Me. Phelele Tengeni
Provinsiale direkteur: Mnr. Bongani Khonjwayo
Grondverdieping, iDube-gebou
Burgerstraat 294
PIETERMARITZBURG
3201
Tel.: 033 345 9998
Faks: 033 345 8505

Noord-Kaap
Kommissaris: Me. Moira Marais-Martin
Provinsiale direkteur: Mnr. Jacques Malan
1ste Verdieping, Woolworthsgebou
H/v Chapel- & Lennoxstraat
KIMBERLEY
8301
Tel.: 053 832 6222
Faks: 053 832 6225